BYBELSTUDIE GROEI IN DIE GEES 04.

Die Geboorte van Jesus tot hemelvaart.

Met die sondeval verminder die heerlike werk en aanwesigheid van die Heilige Gees. Die lewensgemeenskap met God kom onder voortdurende bedreiging en stryd. Die dieptepunt kom voor Jesus se geboorte. Tussen Maleagi en Matteus sien ons 'n tydperk van ongeveer 400 jaar, sonder enige profesieë. Juis in die profesie het die Heilige Gees Israel op 'n besondere wyse gelei. Maar gedurende hierdie 400 jaar is dit asof die kontak tussen God en sy volk 'n laagtepunt bereik het. Dit is asof die sonde wat in die paradys ingetree het, sy ergste deurgewerk het en die gemeenskap met God aangetas het soos nog nooit tevore nie.
Rondom die geboorte van Jesus, kom daar duidelike tekens dat die Heilige Gees weer heerliker gaan werk. Die ware lewe en lewensgemeenskap met God sal terugkeer. So maak God weer kontak met sy volk, deur die Heilige Gees. Deur hulle sal Hy die breuk wat met die hele wêreld gekom het, herstel.

1. LEES Lukas 1:7, 11-18.
   Met wie maak God hier kontak en wat is die rol van die Heilige Gees?
   Wat sal Johannes alles doen?

2. LEES Matteus 1:18 en Lukas 1:35.
   Let in Lukas 1:35 veral op die gekursiveerde woorde: Die Heilige Gees sal *oor* jou *kom*, en die *krag* van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek.
   In hierdie woorde lê dieselfde gedagte opgesluit as die sweef van die Heilige Gees met die skepping [vgl. Les 1].
   Wat leer hierdie verse ons oor die Heilige Gees?

3. LEES Lukas 1:41 en 1:67.
   Wat gebeur hier met Elisabet en Sagaria en wat beteken dit vir ons?

4. LEES Lukas 2:25,26.

Ook van Simeon word gesê dat die Heilige Gees op hom was. Wat maak die Heilige Gees se betrokkenheid by Simeon so opvallend?

5. LEES Matteus 3:16 en vergelyk Johannes 1:32.
Met Jesus se doop gebeur daar iets besonders. Die Heilige Gees verskyn in 'n sigbare vorm aan Hom. Waarom verskyn die Heilige Gees sigbaar?

6. Waarom is Jesus gedoop?

B. ANTWOORDE.

1. Die eerste kontak wat God in die Nuwe Testament maak, is met Sagaria in die tempel deur die engel, Gabriël. Hy en Elisabet sal 'n seun hê, Johannes, en die sal met die Heilige Gees vervul wees. Dit beteken dat Johannes toegerus sal wees vir 'n bepaalde opdrag. Sy opdrag was om mense voor te berei vir die koms van die Messias.
2. In hierdie tyd is die Heilige Gees kragtig aan die werk. Hy bewerk die wonder van Jesus se geboorte en sy krag word hier gelyk gestel aan die krag van God [Allerhoogste]. Hierdie krag is 'n skeppende energie wat lewe wek. Dit herinner ons aan die Heilige Gees wat by die skepping met dieselfde energie oor die watervloed gesweef het om lewe te skep.
3. Die woord vervul beteken in Grieks: om deur iemand beïnvloed te word. So het die Heilige Gees vir Elisabet en Sagaria beïnvloed om lofliedere te sing.
Wanneer ons vol is van die Heilige Gees, kan ons nie anders as om God te loof en prys nie.
4. Die Heilige Gees het Hom nie geheel en al onttrek voor die geboorte van Christus nie. Hy was nog op 'n besondere wyse by sommige persone betrokke, soos met Simeon. Op 'n besondere wyse het Hy Simeon getroos. Wie van God

geskei is, is sonder troos. Alleen die Heilige Gees wat God en mens met mekaar versoen, kan ware troos gee.

5. Die Heilige Gees wat sigbaar aan Jesus verskyn, neem ons terug na die tydperk voor die sondeval. Die eerste Adam het oor homself en die hele menslike geslag, 'n vermindering gebring in die aanwesigheid en werksaamheid van die Gees. Jesus is die tweede Adam in wie die nuwe mensheid vir God weer begin. As bewys daarvan en as teken van sy volle werking, verskyn Hy in sigbare vorm.

6. In die eerste plek word Jesus by hierdie geleentheid deur God self geopenbaar as sy Seun.
In die tweede plek ondergaan Jesus die doop om daardeur aan te dui dat Hy waarlik mens is. Johannes het mense gedoop as 'n teken dat hulle God gevra het om hulle sondes te vergewe en ook 'n teken van hulle voorneme om volgens sy wil te leef. Uit die aard van die saak is Jesus sonder sonde, maar deur die doop bely Hy dat Hy volgens God se wil sal en wil leef.
In die derde plek is die doop deur die Heilige Gees vir Jesus toerusting vir sy ampswerk. Hier begin sy werk as Messias. Die volle pad sal onder leiding van die Heilige Gees wees.

****